# Goeie Nuus

Maandblad van die
Ned Geref Kerk Meyerspark
Jaargang 19 Nommer 10
Desember 2022/Januarie 2023

## Word deel van die mooiste Kersspel ooit

Deur Stephan Joubert

Ek het al die volgende verhaaltjie iewers gedeel, maar dit bly vir my roerend mooi. Dit handel naamlik oor kindertjies wat 'n Kersspel by hulle kerk opgevoer het. Die outjie wat die herbergier gespeel het en wat vir Josef en Maria moes sê daar's nie plek in die herberg nie, het swaar gekry om dit te sê tydens inoefening. Vir hom was dit net nie reg om hierdie arme twee mense sonder 'n slaapplek weg te stuur nie. Maar die Sondagskool juffrou het voet by stuk gehou. Hy moes eenvoudig vir "Josef en Maria" wegstuur. Die aand tydens die opvoering toe Josef en Maria by die herbergier aankom, het hy doodstil gestaan. Toe die juffrou van agter die gordyn af vir hom sê om vir Josef-hulle te sê daar's nie plek nie, sê hy: "Ongelukkig is die herberg vanaand vol." Maar toe Josef en Maria met hangskouers van hom af wegstap, roep hy haastig uit: "Wag, julle kan vanaand my slaapkamer kry. Ek sal in my ma-hulle se kamer op die mat gaan slaap!"

Die hele toneel was ontwrig. Die juffrou was kwaad en die jong akteurs het ook nie geweet hoe verder nie. Maar miskien was dit die beste Kersopvoering nog! Want die outjie wat die herbergier gespeel het, het iets van Jesus se soort Kersfees gesnap. Hy het besef dat Kersfees regtig oor iets anders, nee: oor Iemand anders, gaan. Jesus is die Een wat Kersfees met nuwe inhoud vul. Jesus se presente is nie met helder papier toegedraai nie. Hy bring ook nie sakke vol goedkoop geluk na ons toe nie. Hy verander mense. Hy maak dat selfs kindertjies hulle kamers afstaan aan mense wat nie 'n dak oor hulle kop het nie. Kersfees is 'n ander soort fees vir mense wat Jesus volg. Ja, sy mense gee ook presente weg, maar hulle doen meer as dit. Hulle gee iets van hulleself weg. Kerstyd is 'n tyd van deernis. Dis 'n tyd wanneer Jesus se volgelinge diegene raaksien wat nie kos op hulle tafels het nie, en niemand het om vir hulle goed te wees nie. Dis die tyd dat sy kinders 'n kruk word vir diegene wat deur die lewe mank geslaan is. Kerstyd is omgee-tyd, trane-afdroog-tyd, selfgee-tyd.

# DIE WEGBREKERS



Wanneer iemand die woord "Wegbrekers" hoor, vereenselwig die leser dit met lidmate wat uit ‘n gemeente wegbreek – regte jukskeibrekers! Wel, hierdie begrip kan beslis nie aan ons gemeente se predikant, sy gade en 13 lidmate toegedig word nie. Dis die naam wat die seniorbediening, met ‘n tong in die kies, vir hierdie groep gegee het wat vir 5 dae weggebreek het om by die Weesgerus Vakansieoord te gaan uitspan.Wat ‘n wonderlike geleentheid was dit nie waar ons as ‘n groep in ‘n 7 kamer-eenheid met ‘n gemeenskaplike kombuis en ontspanningsarea kon saam wees nie! Ons het mekaar daar ook beter leer ken as lidmate, geesgenote en by ontspanningsgeleenthede kon ons dinge saamdoen.







Vroegoggend was die spreekwoordelike "elkeen vir homself", want later het ons dan saam ‘n vullende noenontbyt genuttig. Ons het eers oggendgodsdiens en samesang(lofprysing) gehad. Hier het Derick en Karien hulle gawes openbaar waar hy die elektronika moes maak werk en sy kitaarbegeleiding moes verskaf. Daarna het al die dames ingespring en met Derick en Karien aan die voorpunt was alles gou-gou reggemaak en was daar rustig aan hierdie smaaklike en voedsame disse weggeval. Na die opwassessie waar vier, soms vyf van die dames, hulle self aangestel het vir hierdie taak, kon elkeen sy eie gang gaan. Daar is gerus, bordspeletjies gespeel (Waarvan daar heelwat was om van te kies en te keur), daar is geswem of sommer net uiltjies geknip in die hitte, party het gelees of die dorp se “Mall” besoek (Een van die gewildste keuses).

Die mansgeslag het selfs gaan teikenskiet met ketties na blikkies, wat teen ‘n heining vasgemaak is en Ben het twee dames oorreed om saam met hom op die ongelyke gras Bola Bola te gaan speel – staal rolballe wat na ‘n teiken gerol word. Een aand toe dit nie bewolk was nie, het Danie sy teleskoop opgestel en kon ons na die volmaan en ander planete kyk.









Die aandete het gewoonlik dieselfde vorm as ontbyt aangeneem, om die monde stil en die mae van die groep te vul. Een aand was dit potjiekos, dit was Derick en Danie se taak, want hulle is dié wat daarvoor 'opgelei' is, haha... Louis het gesorg vir drie brode wat hy in sy pypoonde gebak het. Die mantel, om die alom gewilde braaivleis 'n volgende aand te braai, het op die skouers van Johan, Derick en Danie geval en die ander manne het gehelp om die vleis gaar te kyk! Louis het sy tweede broodbaksessie ook daar laat geld. Saans het Elmarie ons telkens verras met tuisgemaakte roomys en sous om die openinge wat nog in die mae was na die aandete, daarmee te vul.

Met elke aand se godsdienssessie het ons die dak van die kompleks laat "lig" soos ons die lofliedere met oortuiging gesing het. By een geleentheid het die mans elk getuienis gelewer oor hoe God se genade en sy alomteenwoordigeid vir hulle, met sy beskermende hand, van gewisse dood gered het.

As 'n laaste gedagte wil ek darem meld dat ons liters en liters water moes drink om nie te ontwater in die versengende hitte wat ons daar ervaar het nie.

Ek sluit af met 'n paar woorde van dank aan ieder en elk wat daar was en wat bygedra het tot die wonderlike samesyn.









PkM TRANSPORT
We don't cut corners
FURNITURE & OFFICE REMOVALS
ALL PACKING MATERIALS
FREE ON-SITE QUOTATIONS
086111 1129 www.pkmtransport.co.za

**'n Besondere woord van dank aan Derick, ons leraar, vir die geestelike gesprekke wat hy met ons, en ons met hom, kon hê. Sy eggenote, Karien, wat hom in alles bygestaan het en die kitaarbegeleiding by ons lofprysingsessies hanteer het. Laastens ook aan die Kerkraad wat goedgunstiglik ingewillig het dat Derick ons groep kon vergesel. Dit word opreg waardeer.**

**Met opregte, vriendelike seniorbediening-groete**
**Ben du Plessis**
**Sameroeper van die Seniorbediening Oktober 2022**

## Die Vrouebediening vra: "Wonder u dalk wat ons gaan doen in 2023?"



Getrou aan ons beloftes, beplan ons om weer die jaar se aktiwiteite op 'n vrolike noot te begin. 'n Geleentheid van saamwees en saamkuier vir oud en jonk. Maak sommer dadelik 'n kringetjie om:

### SATERDAG 25 FEBRUARIE 2023
### JAK DE PRIESTER IN KONSERT

Kom luister na hierdie veelsydige en talentvolle kunstenaar met sy interessante verskeidenheid van musiek.

Hy het ook altyd 'n boodskap van hoop en inspirasie vir sy gehoor.

Meer besonderhede volg later.

TIEN FOUTE OM TE VERMY:

- Selfverwyt oor gister se mislukkings
- Vrees vir vandag se uitdagings
- Bekommernis oor môre se onsekerheid
- Blindheid vir elke dag se geleenthede
- Uitstel van vandag se pligte na môre
- Jaloesie op ander se sukses
- Kritiek op ander se swakhede
- Agterdog oor die jeug se andersheid
- Skeptisisme oor die land se toekoms
- Ongeloof oor God se voorsienigheid.

(Die woorde van William Arthur Ward (1921-1994), Amerikaanse motiveringspreker en skrywer van onder andere: "Thoughts of a Christian Optimist"



# Nuus van die Vrouebediening

Só aan die einde van 2022, is dit met groot dankbaarheid wat ons kan terugkyk op 'n jaar vol besondere ondernemings wat deur 'n hele aantal vroue in die gemeente aangepak is en deur talle ander lidmate ondersteun is.

Die jaar is op 'n vrolike noot begin met Francois en Elizabeth se "Oggend van Treffers". Dan was daar uitreikaksies op Nasionale Verpleegstersdag na die personeel van Wilgers Hospitaal met verversings en 'n boodskap van dank en bemoediging. Volgende aan die beurt was Transoranje Skool vir gehoorgestremde leerders en Prinshof Skool vir siggestremdes. Musse, serpe en toiletpakkies is uitgedeel en met skenkings was dit moontlik om ook aan elke skool 'n kontantbydrae te kon gee. Vir die verswakte bejaardes in Huis Silversig en Palms Renaissance was daar 'n mooi klompie Happie-Lappies wat met groot entoesiasme ontvang is.

Die Winterverkoping op 28 Mei was ook 'n groot sukses en met ons wins kon ons twee nuwe stowe vir die kombuis aankoop.

Maar alles was nie net werk nie en tussenin is daar gereeld heerlik en vrolik gekuier. Só was dit met ons gemeente se verjaarsdagete, wat toe sommer ook ds Derick se verjaarsdagpartytjie geword het! Hierdie gaan heel waarskynlik 'n jaarlikse instelling word! Ons jaarlikse Lente-ete vir Seniors in Oktober is altyd 'n verposing langs die pad met spesiale aandag aan ons eie gemeentelede - weereens 'n genotvolle geleentheid met die heerlikste geregte en opgeruimde, vrolike geselskap.

Die Erfenisfees op 24 September was net so 'n besondere geleentheid waar ons, ons uitreik na kinders nader aan die gemeente kon bring met die pragtige koorsang van die Prinshofskoolkoor en die konsertorkesuitvoering van HTS Pretoria-Noord. Hierdie orkes het daarna die tweede plek in 'n SA-kompetisie behaal. Weereens kon ons met skenkings uit die gemeente aan hierdie instansies 'n kontantbedrag vir behoeftige leerders oorbetaal. Uit ons eie geledere het die storievertellers egter die kalklig gesteel - die dominees, die koster en die ouderlinge!

Daar is 'n gesegde wat sê: "Die eerste beginsel van sukses is jou gesindheid. 'n Mens begin wen as jy in jou saak glo". Vir die lede van die Vrouebedieningbestuur was dit met elke projek 'n saak van gebed en die geloof dat die Here vir ons sal voorsien - en hoe wonderlik is dit om terug te kyk op die jaar en te weet dat alles presies net so uitgewerk het

**- AAN HOM AL DIE EER EN DANK OPREG UIT ONS HARTE -**

**SOLI DEO GLORIA.**

# FEBA Radio

FEBA SOUTH AFRICA

Die Here het in 1945 'n roeping in die harte van twee jong mans, John Broger en Bob Bowman, geplant om 'n Christelike radio bediening te begin, terwyl hulle besig was om aan die Suid-Kalifornië Bybel Kollege te studeer. John en Bob het die visie met Eerw. William Roberts, die leraar van Bowman se ouers se kerk gedeel, wie hulle verder gehelp het om fondse vir die bediening in te samel. So het die FEBC (Far East Broadcasting Company) tot stand gekom. Die naam het metteryd verander na FEBA (Far East Broadcasting Association).

FEBA versprei die Goeie Nuus via radio-uitsendings, slimfoontoepassings, aanlyn-uitsendings en luidsprekerkassies met geheuekaarte en sosiale media. Ongeveer die helfte van die bediening is gewy aan opvoedkundige programme, wat onderwerpe soos finansies, gesondheid, gesinslewe en verhoudings insluit. FEBA het ook 'n uitgebreide opvolgbediening op elke werkterrein.

FEBA saai uit oor ongeveer 50 lande, in 141 tale, vanaf 149 stasies vir 1500 uur per dag

FEBA weet dat hierdie bediening effektief is omdat jaarliks ongeveer 9 miljoen direkte luisteraars se terugvoer ontvang word. In China alleenlik is 40 miljoen kopieë van FEBA se materiaal in een jaar afgelaai.

FEBA het ook 'n verteenwoordiging in Suid-Afrika wat nie net by fondsinsamelings betrokke is nie; vier miljard mense is binne bereik van FEBA se sewe radiostasies in Afrika, wat in Mosambiek, Malawi, Tsjad en Mali gevestig is en deur FEBA Suid-Afrika se passievolle span bestuur word.

Hulle adres is:
FEBA Radio Suid Afrika
683 8ste Laan, Mayville
Pretoria, 0083
Tel: +27 (0) 12 335 5708

Webblad: https://febaradio.co.za/geskiedenis/?lang=afr

Dra asseblief FEBA Radio en die wonderlike werk wat hulle doen aan die Here op.

# HOE VERTOLK ELKEEN SY ROL?

2022 lê op sy rug. Die Jakarandas het klaar geblom en nou lê die eksamens en die partytjies voor die deur. Die winkels was gereed vir Black Friday en is gereed vir Kersverkope. Hul vryf hulle hande saam en hoop die verkope is beter as die laaste paar jaar. Terwyl ek die program voorberei vir wanneer die seniors Kersfees vier met Skriflesing en sang, sit ek en wonder oor die rolspelers in die Kersverhaal.

Josef en Maria - Ons lees nie baie van hulle nie. Wel dat hul aanklop by die herberg en weer later wanneer hulle in die tempel is.

Die herbergier - onbetrokke en verveeld met die sensus-storie. Ek dink hy was al moeg vir die spul mense wat kom slaapplek soek het terwyl sy plek reeds vol was. Nou staan die jong man en sy hoogswanger vrou ook voor die deur. Hulle lyk maar armoedig, ry op 'n donkie, is moeg, vuil en stowwerig. Josef sien ek as die besorgde en liefdevolle eggenoot wat pleit om slaapplek, waarop die herbergier half beledigend en sarkasties vir hul plek in die stal aanbied.

Die sterrekykers - Welvarend, selfversekerd, diplomaties korrek en eerbiedig. Hulle klop ook sommer by die paleis aan.

Herodes - Egoïsties, angstig en kwaad. Ek dink die sterrekykers veroorsaak konsternasie op die stasie. Herodes vryf sy hande saam, drink bloeddrukpille en ontbied die amptenare. Wanneer en hoe kon 'n koning gebore word en niemand weet iets nie. Hy dank sommer die inteligensie- en polisiehoof af en kry die priesters bymekaar, want hulle behoort darem iets te weet.

Priesters - Skepties. Die priesters slaan die boekrolle oop en ja, moontlik in Betlehem Judea.
Herodes besluit daar moet nou drasties opgetree word. Hy laat sommer al die seuntjies onder twee vermoor, vir veiligheid.

Toe die sterrekykers die paleis verlaat, sien hulle weer die ster, bied hulle eerbiedig die geskenke aan maar vlug katvoet huis toe.

Die skaapwagters - nederig, rustig, nuuskierig, met waagmoed, verwonderend, aanbiddend en loof die Here. (Geen ordentlike skaapwagter sal buite met sy skape in die sneeu sit nie. Dit moes laat lente gewees het.) Hulle sit so rustig by hul vuurtjie, maar skrik hulle buite weste toe hulle die engel sien. Hulle word dadelik gerus gestel en kry die boodskap. Hulle wonder of iemand hul sal glo en dan nes die sterrekykers oorweldig nuuskierigheid hulle en vind hulle alles soos die engel dit voorspel het. Nou neem eerbied, verwondering, aanbidding en lofprysing oor.

Simeon en Anna - Bejaardes en gelowige kerkgangers. Josef, Maria en die kindjie is daar. Die bejaardes seën hulle en gee 'n profesie. Ek dink dit was oorweldigend vir hulle want ons lees dat Maria dit oordink het.

Ons deel ook geskenke uit soos die sterrekykers, sing lofliedere soos die skaapwagters en besef ons hoe groot God se liefde vir die mens is.

My kersgeskenk aan julle is Paulus se gebed vir die Efesiërs in Efesiërs 3: 16 -19. Ek bid dat Hy deur sy Gees uit die rykdom van sy heerlikheid aan julle die krag sal gee om innerlik sterk te word, dat Christus deur die geloof in julle harte sal woon en dat julle in die liefde gewortel en gegrondves sal wees. Mag julle instaat wees om saam met al die gelowiges te begryp hoe wyd en ver en hoog en diep die liefde van Christus strek. Mag julle sy liefde ken, liefde wat ons verstand te bowe gaan en mag julle heeltemal vervul word met die volheid van God.

Suna